OMIB VIR DIE VOORGESTELDE WESCO-AFVALBESTUURSFASILITEIT, WES-KAAP

AGTERGRONDINLIGTINGSDOKUMENT

November 2022

1. INLEIDING

Interwaste (Edms.) Bpk. (Interwaste), wat deur Séché Environnement Group (Séché) besit word, stel voor om 'n nuwe geïntegreerde afvalbestuursfasiliteit op gedeelte 1 van die plaas Brakkefontein No. 32 te bou en te bedryf[1]. Die eiendom is tussen die R27 en R304, ongeveer 35 km noord van die Kaapstad- metropolitaanse gebied, 5 km suid van Atlantis Industria en 2 km noordoos van Duynefontein geleë (verwys na Figuur 1). Die geregistreerde grondeienaar van die eiendom is Varenne Investments (Edms.) Bpk, 'n filiaal van Séché. Die aansoeker vir die voorgestelde fasiliteit sal Wesco Waste Management Facility (Edms.) Bpk. ('n filiaal van Interwaste) wees.

Die **voorgestelde Wesco-afvalbestuursfasiliteit** word in lyn met die Nasionale Afval-bestuurstrategie en die Wes-Kaapse Geïntegreerde Afvalbestuursplan ontwerp, en kragtens alle tersaaklike wetgewing. Die doel van die fasiliteit is om dienste te lewer met betrekking tot die vermindering, herwinning, behandeling en wegdoening van algemene en gevaarlike afval van munisipale en privaat kliënte. Afval sal per pad en/of spoor na die terrein vervoer word.

2. DOEL VAN HIERDIE DOKUMENT

Hierdie Agtergrondinligtingsdokument (BID) voorsien belangstellende en geaffekteerde partye (B&GP'e) van aanvanklike inligting en voorafkennisgewing van die beplande aansoekprosesse. Dié BID het ten doel om:

- B&GP'e in te lig oor die beplande aktiwiteite en vereiste wetgewende prosesse vir die projek;
- 'n bondige beskrywing te gee van die voorgestelde projekaktiwiteite en huidige begrip van die basislynomgewing van die projekterrein;
- die prosesse van omgewingsevaluering wat gevolg moet word, te beskryf en die beplande spesialisstudies wat onderneem moet word, uiteen te sit; en
- te beskryf hoe B&GP'e vorentoe aan die proses kan deelneem.

[1] Die ontwikkeling van 'n afvalbestuursfasiliteit op gedeelte 1 van die plaas Brakkefontein No. 32 is in 'n vorige OIB-proses deur die Stad Kaapstad oorweeg.

3. WATTER MAGTIGINGS WORD VEREIS?

Gegewe die aard van die voorgestelde fasiliteit, die gepaardgaande aktiwiteite en die verwagte volumes afval, word magtigings ingevolge onder meer die volgende omgewingswetgewing vereis:

- Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Afval, 2008 (Wet 59 van 2008) (NEM:WA);
- Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet 107 van 1998) (NEMA) en Regulasies oor Omgewings-impakbepaling (OIB), 2014 (soos gewysig);
- Nasionale Waterwet, 1998 (Wet 36 van 1998) (NWA); en
- Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet 25 van 1999) (NHRA).

Ingevolge NEM:WA mag geen persoon 'n gelyste afval-bestuursaktiwiteit begin, onderneem of uitvoer tensy die aktiwiteite in ooreenstemming met die vereistes of standaarde onderneem word nie of tensy 'n **Afvalbestuurslisensie (WML)** ten opsigte van daardie aktiwiteit uitgereik word nie.

Die "*Lys van afvalbestuursaktiwiteite*" is ingevolge NEM:WA uitgevaardig (Goewermentskennisgewing (GK) No. R.921 van 2013). Enige persoon wat 'n aktiwiteit gelys in Kategorie A of B wil onderneem, moet 'n evalueringsproses, soos bepaal in die OIB-regulasies 2014 (soos gewysig), uitvoer om 'n WML-aansoek in te lig. Die Minister, Departement van Bosbou, Visserye en Omgewing (DFFE) is die lisensiëringsowerheid vir afvalbestuursaktiwiteite wat gevaarlike afval behels.

Artikel 24 van NEMA bepaal die gelyste aktiwiteite wat **Omgewingsmagtiging (OM)** van die bevoegde owerheid vereis voordat aktiwiteite 'n aanvang neem. Drie Lys-kennisgewings is in 2014 gepubliseer (GK R.983 tot R.985, met verskeie wysigings). Waar aktiwiteite veroorsaak word wat in die Lyskennisgewings aangedui is, moet 'n evalueringsproses ingevolge die OIB-regulasies 2014 onderneem word. Kragtens die Lyskennisgewings is die bevoegde owerheid vir besluitneming oor 'n OM-aansoek die Wes-Kaapse Departement van Omgewingsake en Ontwikkelings-beplanning (DEA&DP).



FIGUUR 1: PLAASLIKE OMGEWING VAN DIE VOORGESTELDE WESCO-AFVALBESTUURSFASILITEIT.

Gegewe die aard van die voorgestelde Wesco-afvalbestuursfasiliteit en verwagte volumes afval, is die verwagting dat: (i) 'n WML vereis sal word en dat Kategorie B-afvalbestuursaktiwiteite veroorsaak sal word; en (ii) 'n OM vereis en aktiwiteite in Lyskennisgewing 2 veroorsaak sal word. 'n **Proses van Omvangsbepaling en OIB**, soos uiteengesit in die OIB-regulasies 2014, word dus **vereis om besluitneming oor sowel 'n WML- as OM-aansoek in te lig**. Gevolglik sal aparte aansoeke by die DFFE (vir 'n WML) en die DEA&DP (vir 'n OB) ingedien word.

Die voorgestelde fasiliteit sal na verwagting water-gebruike ingevolge artikel 21 van die NWA veroorsaak en dus word die proses vir 'n aansoek om 'n Watergebruikslisensie (WULA) ingevolge die regulasies uitgevaardig kragtens artikel 21 van die NWA vereis. Die Departement van Water en Sanitasie (DWS) is verantwoordelik vir die administrering van die WULA-proses.

Laastens lys artikel 38(1) van die NHRA ontwikkelings-aktiwiteite wat magtiging deur Erfenis Wes-Kaap (EWK) vereis. Enige persoon wat van voorneme is om 'n gelyste aktiwiteit te onderneem, moet EWK in kennis stel voordat so 'n ontwikkeling 'n aanvang neem. EWK sal dan bevestig of 'n Erfenis-impakbepalingsverslag (EIB-verslag) ingedien moet word of nie. Op hierdie stadium word daar verwag dat 'n EIB 'n vereiste sal wees (verwys na Afdeling 8).

4. WIE IS DIE KONSULTANTE?

SLR Consulting (South Africa) (Edms.) Bpk. (SLR) is deur Interwaste aangestel om die proses van Omgewing- en Maatskaplike Impakbepaling (OMIB) te onderneem wat ingevolge die NEMA en NEM:WA vereis word. SLR is ook aangestel om die WULA-proses ingevolge die NWA te onderneem.

5. BESKRYWING VAN DIE VOORGESTELDE PROJEK

5.1. Projekagtergrond

Die Nasionale Afvalbestuurstrategie (NWMS) (2020) sit die beplande intervensies uiteen om die uitdagings aan te pak wat met afvalbestuur in Suid-Afrika ervaar word. Hierdie groot uitdagings sluit onder meer in:

- 'n Groeiende bevolking en ekonomie wat op sy beurt beteken dat toenemende volumes afval gegenereer word;
- 'n Toename in die kompleksiteit van die afvalstroom as gevolg van verstedeliking en industrialisasie;
- 'n Beleid- en regulatoriese omgewing wat die hiërargie van afvalbestuur nie aktief bevorder nie; en
- 'n Gebrek aan nakomende stortingsterreine en fasiliteite vir die bestuur van gevaarlike afval, wat die veilige wegdoening van alle afvalstrome belemmer.

Die Wes-Kaap Geïntegreerde Afvalbestuursplan (IWMP) (2017-2022) beklemtoon ook groot uitdagings vir afvalbestuur in die provinsie, naamlik: (i) 'n tekort aan lugruimte by stortingsterreine wat die druk op bestaande afvalfasiliteite verhoog; en (ii) die probleem om beskikbare grond vir nuwe afvalfasiliteite te vind weens toenemende mededinging met ontwikkeling. Aanduidings is dat die drie operasionele stortings-terreine binne die Stad Kaapstad- metropolitaanse munisipaliteit minder as 10 jaar lugruimte beskikbaar het.

Op grond van bogenoemde het Wesco die behoefte aan 'n nuwe afvalbestuursfasiliteit binne die Stad Kaapstad geïdentifiseer om die kapasiteit vir die hergebruik, herwinning, behandeling en wegdoening van vloeibare en vaste algemene en gevaarlike afval in die Wes-Kaap beduidend te verhoog.

5.2. Oorsig van die voorgestelde projek

Die voorgestelde Wesco-afvalbestuursfasiliteit sal uit die volgende belangrike infrastruktuur bestaan:

- Fasiliteite vir afvalvermindering/-herwinning:
  - Fasiliteit vir herwinning van skoon materiaal (MRF)
  - Vervaardigingsaanleg vir brandstof wat uit afval afkomstig is (RDF);
  - Voorverwerkingsaanleg vir organiese afval;
  - Fasiliteit vir komposvorming;
  - Fasiliteit vir bioremediëring; en
  - Veredelingsaanleg vir konstruksie- en slopings-afval.
- 'n Area waar die publiek afval kan aflaai;
- 'n Fasiliteit vir afvalbehandeling wat Tipe 0-4-afval aanvaar (om voorsiening te maak vir die behandeling van afvalstrome deur die toevoeging van behandelingsbymiddels by afvalstrome wat volgens wet behandeling vereis om 'n homogene eindmengsel te verseker);

- ’n Aanleg vir die behandeling van uitvloeisel om vloeistofafvalstrome en loogwater te behandel;
- ’n Fasiliteit vir wegdoening van Klas A-afval (in fases ontwikkel) wat Tipe 1-4-afval aanvaar; en
- Addisionele hulpinfrastruktuur wat ’n syspoor (om voorsiening te maak vir die spoorvervoer van afval na die fasiliteit), kantore, geboue, toegangspaaie, heinings, bergingsfasiliteite vir brandstof en chemikalieë, en verwante dienste insluit.

’n Skematiese prosesvloeidiagram vir die voorgestelde fasiliteit verskyn in Figuur 2 hieronder. Die voorlopige uitlegplan van die voorgestelde fasiliteit verskyn in Figuur 3 op die volgende bladsy. ’n Breedvoeriger beskrywing van die komponente van die voorgestelde projek word hieronder verskaf.

5.2.1. Fasiliteit vir herwinning van skoon materiaal (MRF)

Die Skoon MRF sal bron-geskeide herwinbare materiaal vir die herstel van herwinbare materiaal ontvang. Die herwinbare materiaal sal gesorteer word en herwonne materiaal sal versnipper en, waar prakties moontlik, in bale verpak word. Die verwerkte herwinbare materiaal sal dan aan derde partye verkoop en van die terrein vervoer word vir gebruik as ruwe materiaal vir gevolglike hervervaardiging-/ herwinningsprosesse.

5.2.2. Vervaardigingsaanleg vir brandstof wat uit afval afkomstig is (RDF)

Brandbare komponente wat met die algemene afval-stroom gepaard gaan (bv. nieherwinbare/besoedelde plastiek, multi-laag verpakking) sal versnipper en in bale verpak word om RDF te produseer. RDF is ’n brandstofbron wat geproduseer word deur vaste afval te versnipper en dehidreer om as ’n alternatiewe brandstofbron in droogoonde gebruik te word (vervang tradisionele brandstowwe soos steenkool of kooks).

5.2.3. Fasiliteit vir komposvorming

Die fasiliteit vir komposvorming sal die produksie van kompos uit tuinafval deur natuurlike dekomposisie in ’n beheerde omgewing fasiliteer. Gedroogde kompos sal aan derde partye verkoop word of vir ter plaatse rehabilitasie gebruik word.

FIGUUR 2: SKEMATIESE PROSESVLOEIDIAGRAM VAN DIE VOORGESTELDE AFVALBESTUURSFASILITEIT.



FIGUUR 2: VOORLOPIGE VOORGESTELDE UITLEG VAN AFVALBESTUURSFASILITEIT.

5.2.4. Fasiliteit vir bioremediëring

Die fasiliteit vir bioremediëring sal 'n behandelings-oplossing vir 'n reeks organiese afvalmateriaal bied. Voltooide en nakomende bioremediëringsmateriaal sal gebruik word as alternatiewe daaglikse dekmateriaal (ADC) op aktiewe afvalverwyderingselle, asook as finale bedekking op voltooide selle as plaas-vervanger vir nuwe grond (verwys na Afdeling 5.2.9).

5.2.5. Veredelingsaanleg vir konstruksie- en slopings-afval

Bourommel (steenklei, beton en messelklei) sal gesif word om enige ander herwinbare materiaal (bv. staal-wapening) te verwyder. Daarna sal gesifte bourommel vergruis word, wat herwonne bou-aggregaat produseer om aan derde partye verkoop te word vir gebruik in toekomstige konstruksie-aktiwiteite.

5.2.6. Area waar die publiek afval kan aflaai

Hierdie area sal die publiek in staat stel om munisipale vaste afval, bron-geskeide herwinbare materiaal, huishoudelike gevaarlike afval en tuinafval af te laai. Die fasiliteit sal bestaan uit geplaveide area met 'n reeks 'skips' en houers vir tydelike berging totdat dit by die verskeie ander voorgestelde fasiliteite verwerk word.

5.2.7. 'n Fasiliteit vir afvalbehandeling

Die fasiliteit vir afvalbehandeling sal afval behandel deur die toevoeging van behandelingsbymiddels wat in 'n reeks spesiaal geboude, uitgevoerde en gewalde bunkers sal plaasvind. Die behandelde afval sal daarna óf deur derde partye afgehaal word vir gebruik as ruwe materiaal óf na die ter plaatse wegdoenings-fasiliteit vir finale wegdoening gestuur word.

5.2.8. 'n Aanleg vir die behandeling van uitvloeisel

Hierdie aanleg sal loogwater afkomstig van die afvalbestuursfasiliteit self behandel, en sal die vermoë hê om vloeistofafvalstrome van derde partye te behandel. Die behandelde uitvloeisel kan op die terrein vir stofonderdrukking en in omliggende industriële werksaamhede gebruik word. Voorsiening kan egter gemaak word vir die afvoer (via 'n pyplyn) van enige oortollige behandelde water (behandel volgens toepaslike afvoerstandaarde) na die aanliggende waterweg indien dit nodig is.

5.2.9. 'n Fasiliteit vir wegdoening van Klas A-afval

Die voorgestelde fasiliteit vir die wegdoening van afval sal Tipe 1-4-afval aanvaar en sal as sodanig 'n Klas A-inperkingsversperring moet hê wat ooreenstem met die relevante nasionale norme en standaarde vir die wegdoening van afval na 'n stortingsterrein.

Die vestiging van die fasiliteit sal in fases volgens vraag onderneem word, met elke fase wat verder verdeel word in selle wat ongeveer 150 m x 150 m groot is.

Voor die wegdoening van afval sal 'n sel uitgegrawe, gevorm en met 'n geskikte inperkingsversperring uitgevoer word. Afval sal in horisontale lae (ongeveer 0,5 m dik) gedeponeer, gekompakteer en bedek word met materiaal van die bioremediëringsproses (verwys na Afdeling 5.2.4) om windverwaaide rommel, die teel van draers/knaagdiere en stank te voorkom. Terwyl wegdoeningswerk in 'n aktiewe sel plaasvind, word die volgende sel vooruit voorberei. Gedurende die bedryf van 'n sel vind tydelike bedekking van die sel geleidelik plaas om waterinvloei na die sel te verminder totdat die bedryf van die fase gestaak word, op welke tydstip finale langtermynbedekking en rehabilitasie in ooreenstemming met goedgekeurde spesifikasies geïmplementeer kan word.

Die fasiliteit vir die wegdoening van afval sal ook die volgende hulpinfrastruktuur insluit:

- 'n Stelsel vir die versameling en inperking van loogwater;
- Infrastruktuur vir die onttrekking en behandeling van gas uit die stortingsterrein (indien dit in die toekoms benodig word);
- Infrastruktuur vir stormwater-/uitvloeiselbestuur vir versameling en inperking van enige besoedelde stormwater; en
- Verbindingspaaie tussen die selle (so 8 m breed).

6. OORSIG VAN DIE BASISLYNOMGEWING

Die topografie van die suidelike en westelike gedeeltes van die projekterrein is oor die algemeen plat met effense heuwels wat in die oostelike deel geleë is namate die topografie steiler in die rigting van die Donkergatrivier hel.

Die Donkergatrivier definieer die oostelike grens van die terrein en vloei in 'n suidwestelike rigting om ongeveer 5 km stroomaf by die Soutrivier aan te sluit. Die rivier is kortstondig en vloei net vir kort tydperke ná swaar reënval. Daar is ook ander gekarteerde kortstondige dreineringslyne in areas van die terrein wat na verwagting slegs vir kort tydperke na swaar reënval vloeisel op die oppervlakte sal bevat.

Die projekterrein lê oor 'n half-ingeperkte, verweerde en gefraktureerde waterdraerstelsel van die Malmesbury-groep en is aangrensend aan die Atlantis-

waterdraer. Onlangse grondwatermetings dui daarop dat grondwatervlakke tussen 5 en 28 m onder grondvlak is. Grondwatervloei is in 'n suidwestelike rigting, weg van die Atlantis-waterdraer en die Witzand-boorgatveld wat as die hoofwatertoevoer vir Atlantis dien (deur onttrekking van grondwater uit die Atlantis-waterdraer). Op grond van onlangse monsterneming word die grondwatergehalte onder die projekterrein as swak gehalte beskou wat nie vir huishoudelike verbruik geskik is nie en van min waarde vir landbou-doeleindes is. Die waterdraer onder die projekterrein word beskou as een met 'n lae kwesbaarheid vir Antropogeniese impakte weens die diepte tot grondwater, beperkte aanvulling, swak hidrouliese eienskappe en die heersende oorliggende grondtoestande.

Grond binne die studiegebied bestaan uit suur regiese sand in die suidelike en westelike dele van die terrein. In die ooste is die grond oorganklik tussen skalie-afgeleide klei en die wit suur sand. Die areas wat met hierdie oorgangsgrond geassosieer word, val oor die algemeen saam met die histories bewerkte dele van die eiendomme.

Die gekarteerde plantegroeitipes wat binne die studiegebied geleë is, is Atlantis Sand Fynbos (in die westelike deel van die projekterrein) en Swartland Skalierenosterveld (in die oostelike deel van die terrein). Die Stad Kaapstad Biodiversiteitsnetwerk (BioNet) het 'n aantal "Kritiese Biodiversiteitsgebied"-kategorieë (CBA) gekarteer wat met gedeeltes van die projekterrein oorvleuel. Die gekarteerde CBA's sluit 'n potensieel belangrike ekologiese korridor langs die Donkergatrivier en potensieel ekologies beduidende gebiede binne die sentrale deel van die terrein in. As gevolg van historiese boerdery-aktiwiteite op die terrein (wat hoofsaaklik op gedeelte 1 van die plaas Brakkefontein No. 32 onderneem is), word daar egter verwag dat hoogs beperkte ongeskonde inheemse plantegroei oorbly.

Afgesien van die oorblyfsels van geboue wat op gedeelte 1 van die plaas Brakkefontein No. 32 geleë is, is die eiendom onontwikkeld. Daar is 'n landingstrook (wat uit diens gestel moet word voordat die Wesco-afvalbestuursfasiliteit operasioneel word), vliegtuig-loods en 'n valskermlandingsarea wat verband hou met die bedryf van 'n kommersiële vryvalonderneming wat op gedeelte 6 geleë is. Verskeie ander grondgebruike wat in die onmiddellike nabyheid van die terrein geleë is, sluit die Apollo Bricks-steenwerke, die Brakkefontein-skietbaan (wat deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag gebruik word) en verskeie kleinhoewes in. Die Koeberg-kernkragsentrale is verder wes van die terrein geleë.

Die Atlantis-vragspoorlyn is op die oosgrens van die terrein geleë en loop vanaf Atlantis na die hoof Bellville-lyn wat uiteindelik met die hawe en sentrale sakegebied van Kaapstad verbind.

Die perseel is toeganklik vanaf Brakkefonteinweg wat aangrensend aan die noordgrens van die terrein geleë is en sluit aan by die Weskuspad (R27) in die weste en die Ou Mamrepad (R304) in die ooste.

7. OMGEWINGSASSESSERINGSPROSESSE

Die Omvangbepaling- en OIB-proses behels 'n oop, deelnemende benadering om te verseker dat alle impakte geïdentifiseer en geëvalueer word, en dat besluitneming op 'n ingeligte, deursigtige en verantwoordbare wyse plaasvind. Die proses wat gevolg moet word, behels die volgende stappe:

- Voor-aansoek-fase (November 2022 – Januarie 2023):
  - Identifisering van en opstel van 'n databasis met B&GP'e vir die projek;
  - Kennisgewing aan B&GP'e en verspreiding van hierdie BID met die doel om inligting te deel;
  - Die hou van openbare vergaderings; en
  - Onderneming van die nodige basislyn-spesialisondersoeke.

- Fase van Aansoek en Omvangbepaling (Februarie – Junie 2023):
  - Opstel en indiening van 'n WML-aansoekvorm by die DFFE;
  - Opstel en indiening van 'n Aansoek om OB by die DEA&DP.
  - Opstel van konsep-Omvangbepalingsverslae wat basislyninsette van spesialiste insluit.
  - Verspreiding van die konsep-Omvangbepalings-verslae vir 'n 30-dae-tydperk van kommentaar-lewering en skakeling met belanghebbendes; en
  - Indiening van die finale Omvangbepalings-verslae (insluitend 'n gedetailleerde verslag oor kommentaar en reaksie) vir oorweging deur die DFFE en DEA&DP.

- OIB-fase (Junie 2023 – November 2023):
  - Onderneem spesialisstudies om die sleutel-kwessies wat in die fase van Omvangbepaling geïdentifiseer is, aan te spreek;
  - Opstel van konsep-OMIB-verslae, insluitend Omgewingsbestuursprogramme (OBPr'e) wat die bogenoemde insette van spesialiste insluit.
  - Versprei die konsep OMIB-verslae vir 'n 30-dae-

tydperk van kommentaarlewering en skakel met belanghebbendes (insluitend OMIB-terugvoervergaderings);
- Indiening van die finale OMIB-verslae (insluitend 'n bygewerkte verslag oor kommentaar en reaksie, spesialiste se evaluerings en OBPr) by die DFFE en DEA&DP vir besluitneming; en
- Versprei owerheid se besluite na B&GP'e en gee kennis van die statutêre appèlproses.

8. BEPLANDE SPESIALISSTUDIES

Die volgende spesialisstudies sal onderneem word om belangrike fokusareas te behandel wat in die OMIB aandag moet geniet:

- Evaluering van landbou-agro-ekostelsels;
- Evaluering van impak op luggehalte;
- Evaluering van impak op akwatiese biodiversiteit;
- Evaluering van impak op gemeenskapsgesondheid;
- Evaluering van impak op die ekonomie;
- Evaluering van impak op geohidrologie;
- Evaluering van impak of erfenis;
- Evaluering van hidrologie;
- Evaluering van grondgebruik en -beplanning;
- Evaluering van impak an geraas;
- Evaluering van maatskaplike impak;
- Terrestriële biodiversiteit (insluitend flora en fauna);
- Evaluering van impak op verkeer; en
- Evaluering van visuele impak.

9. BETROKKENHEID BY DIE PROJEK

U en/of u organisasie word hierdie uitgenooi om as 'n B&GP te registreer en insette te lewer op die voorgestelde projek.

U kan betrokke raak deur:

- Hierdie BID deur te lees en ons te laat weet van enige aanvanklike kwessies of bekommernisse wat u dalk het;
- As 'n B&GP te registreer (verwys na aangehegte Registrasievorm);
- Ons te voorsien van kontakbesonderhede van enige ander organisasies of persone wat moontlik deur die voorgestelde projek geraak word of daarin sou belangstel;
- Die beplande openbare inligtingsvergadering by te woon en daaraan deel te neem; en
- Die Omvangbepaling- en OMIB-verslae na te gaan wanneer dit beskikbaar gestel word en enige kommentaar in te dien.

As u wil registreer of enige aanvanklike kommentaar wil lewer, stuur asseblief voor of op 14 Desember 2022 u besonderhede na SLR (by die besonderhede op die volgende bladsy) op die aangehegte Registrasie- en Reaksievorm. Geregistreerde B&GP'e sal verdere inligting oor die voorgestelde projek, die OMIB-proses, geleenthede vir kommentaar en openbare vergaderings ontvang, en sal versoek word om kommentaar oor die voorgestelde projek by te dra.

Kennisgewing geskied ook hiermee dat inligtings-vergaderings op 6 en 7 Desember 2022 gehou sal word.

Die doel van hierdie vergaderings is om 'n basiese oorsig van die voorgestelde projek voor te lê en 'n geleentheid te bied om enige aanvanklike kwessies of bekommernisse te opper. Die besonderhede van hierdie vergaderings word hieronder verskaf:

Plek	Datum	Tyd
Atlantis Community Church (Corner of Acacia Crescent and Acacia Close)	6 December 2022	16h00 – 18h00
Melkbos Country Club (Robbenweg 1, Melkbosstrand)	7 December 2022	10h00 – 12h00
Philadelphia NG Kerk Boeresaal (Kerkstraat, Philadelphia)	7 December 2022	16h00 – 18h00

REGISTRASIE VIR OPENBARE VERGADERINGS
Klik hier (https://forms.office.com/r/1FxELPGHUN) of skandeer die QR-kode om te registreer om enige van hierdie openbare vergaderings by te woon. U kan andersins vir SLR by die besonderhede op die volgende bladsy kontak.

SLR sal u persoonlike inligting in ooreenstemming met die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet 4 van 2013) (POPIA) bestuur. Ingevolge hierdie wet, **as u NIE op die B&GP-databasis geregistreer wil wees nie, bevestig asseblief per kerende e-pos en ons sal u uit die B&GP-databasis verwyder**.

SLR se verbintenis tot die beskerming van persoonlike inligting

Met u registrasie op die projekdatabasis magtig u SLR om (1) u persoonlike inligting as deel van 'n kontakdatabasis vir hierdie en/of ander OMIB's te behou en te gebruik, (2) u oor hierdie en/of ander OMIB-prosesse te kontak, (3) die databasis aan ander gemagtigde partye vir wettige doeleindes bekend te maak, (4) dit vir wettige doeleindes te prosesseer, en (5) korrespondensie wat ontvang is, by OMIB-verslae in te sluit.

SLR sal nie u persoonlike inligting prosesseer nie, behalwe soos toegelaat of vereis deur OMIB-prosesse of soos deur die wet of openbare beleid bepaal. SLR sal redelike, toepaslike sekuriteitsmaatreëls toepas om persoonlike inligting te beskerm, en om redelikerwys enige skade aan, verlies van of ongemagtigde toegang tot of bekendmaking van persoonlike inligting te voorkom, behalwe soos vereis vir OMIB-prosesse of soos deur enige wet of openbare beleid bepaal. U mag enige tyd met SLR in verbinding tree en versoek dat u persoonlike inligting uit die projekdatabasis verwyder word of dat kommentaar nie by OMIB-verslae ingesluit word nie. U begryp egter dat SLR (en enige gemagtigde partye) dit om wettige of openbare beleidsredes moontlik nie sal kan verwyder of vernietig nie. SLR sal die redes aan u voorsien.

OMIB VIR DIE VOORGESTELDE WESCO-AFVALBESTUURSFASILITEIT, WES-KAAP

BELANGSTELLENDE EN GEAFFEKTEERDE PARTY (B&GP) REGISTRASIE- EN REAKSIEVORM

Naam:	
Organisasie:	
Posadres:	
	E-posadres:
Telefoonnommer:	**Faksnommer:**
Verkose manier van korrespondensie:	

Verskaf asseblief besonderhede van enige kommentaar, vrae of bekommernisse oor die voorgestelde projek (gebruik addisionele bladsye indien nodig):

SLR Consulting (South Africa) (Edms.) Bpk.
5de Verdieping, Letterstedt House, Newlands on Main, hoek van Hoofweg en Campgroundweg, Nuweland, Kaapstad 7700
Tel.: (021) 461 1118 / 9
SMS / WhatsApp : 072 422 3448
E-pos: wescoWMF@slrconsulting.com

SLR-webwerf: https://www.slrconsulting.com/en/public-documents/WescoWMF
Datavrye webwerf: https://slrpublicdocs.datafree.co/en/public-documents/WescoWMF

Ingevolge Regulasie 42 van GK No. R982 van 4 Desember 2014 (soos gewysig) sluit geregistreerde belangstellende en geaffekteerde partye (B&GP'e) alle persone in:
- wat skriftelike kommentaar ingedien het;
- wat openbare vergaderings bygewoon het; en
- wat skriftelik versoek het dat hulle naam op die register geplaas word.

Wanneer 'n besluit oor die aansoek ontvang word, sal slegs geregistreerde B&GP'e ingevolge Regulasie 4(2) van GK No. R982 van 4 Desember 2014 (soos gewysig) in kennis gestel word van:
- waar toegang tot die besluit verkry kan word;
- wat die redes vir die besluit was; en
- hoe 'n appèl teen die besluit aanhangig gemaak kan word.

WESCO WASTE MANAGEMENT FACILITY

SLR